# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch


## 16 April 2023

**09:30 OGGENDEREDIENS: Ds Piet Venter**

Ons is baie bly en dankbaar om vandag getuies te wees met die belydenisaflegging van 9 jongmense van ons gemeente. Ons is saam met hulle en hulle families baie dankbaar teenoor die Here vir die geloof wat Hy aan hulle geskenk het en dat hulle daardie geloof vandag in die openbaar kan bely.

Hulle is: Roelf de Bruyn, Hanré Delport, Heloise Freeke, Coralie Geyer, Mardenique Hansen, Lara Naude, Ryno Schutte, Christiaan Turkstra en Luanke van As. Mag die Here elkeen van hulle ryklik seën op hulle geloofspad saam met Hom.
Baie welkom aan familie en vriende wat vandag saam met ons kom aanbid.

**Tema: Christus is die ware wingerdstok (Lewensbron)! Jy is ‘n loot (gelowige/volgeling) in Hom geheg. Bly in Hom glo sodat jy baie vrug vir God kan dra!**

Jesus se aankondiging in Johannes 15: 1 “Ek is die egte wingerdstok” was radikaal anders as wat die mense van sy tyd geglo het! Dit was eintlik skokkende woorde! Net so radikaal anders is die geloofsbelydenis van 9 jongmense teenoor dit wat die wêreld vandag glo! Om hierdie radikaal anderse geloof uit te leef moet ons in Christus bly glo want alleen dan gaan ons dit regkry om God te verheerlik met die vrug van ons lewe!

Om God te verheerlik is die grootste doel van ons lewe! Belydenis van jou geloof beteken eintlik: “Here, ek glo in U en ek sal vir U lewe (vrugte dra)!”

**Lofsang ter voorbereiding van die erediens**
Ps 33 – 1: 1, 2, 11; Lied 305: 1, 2

**Ontmoetingsdiens**
Intreelied: Ps. 110 - 3: 1, 2; Votum; Seën; Loflied Sb 3-5: 1, 2, 3, 4; Geloofsbelydenis: 12 Artikels (almal hardop saam)

**Verootmoedigingsdiens**
Sing: Ps 80-1: 5, 6 (Mel Ps 105 - 1); Wet uit Eks 20; Sing Ps 80-1: 7, 8; Gebed

**Woorddiens**
Skriflesing: Johannes 15: 1 - 8;

**Teks:** Johannes 15: 5;
Sing Sb 3 – 5: 7,8 (Kleuters gaan na hulle bediening) ; Woordverkondiging

**Antwoorddiens**
Formulier vir Geloofsbelydenis; Sing na belydenisaflegging: Ps. 20 – 1: 4, 5 (Mel Sb 18 – 6); Antwoord namens ouers van belydenisklas: Oudl Gerhard Turkstra; Gebed; Sing Sb 14 – 4: 1, 2, 3, 4; Seën; Amenlied Sb 13-2.

**AANDEREDIENS: Ds Piet Venter**

Ons leef in 'n tyd waarin daar toenemend gesê word dat die kerk se dae getel is. Van oral af hoor jy dat buite-kerklike mense nie meer belangstel om by die kerk aan te sluit nie. Mense wil eerder 'n soort private godsdiens bedryf. Hulle sê: "Ons glo in God, maar ons glo nie in die kerk nie".

Ons kyk vanaand weer na Johannes 15: 1 - 17. Hier gee Jesus 'n baie duidelike antwoord op hierdie stelling van moderne "buite-kerklike gelowiges". Sondag 21 van die Heidelbergse Kategismus omskryf hierdie waarhede baie duidelik sodat ons gereed kan wees om 'n antwoord te gee aan iemand wat ons oor hierdie waarheid vra.

**Tema: God (die Druiweboer) het vir Homself 'n wingerd geplant (die kerk) waar Hy almal (die lote) in Christus saambind om vir Hom vrug te dra!**

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Ps 100 - 1: 1, 2, 3 ; Votum; Seën; Loflied Ps 84 - 1: 1, 2, 5; Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Johannes 15: 1 – 17;
Teksverse 1 en 12;
Belydenis: Heidelbergse Kategismus Sondag 21; Woordverkondiging

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Sing Lied 478: 1, 2; Seën; Amenlied: Sb 13-3.

**MEELEWING**

- Hannatjie du Plessis se eerste chemoterapie het goed afgeloop.
- Koot van der Walt het longontsteking opgedoen en is ook gediagnoseer met hartversaking. Hy moet die komende week 'n hartsonar ondergaan.
- Marie Saaiman lê nog ernstig siek in Medikliniek se ISE.
- Andries du Plessis ontvang Donderdag sy tweede chemoterapie. Die wond aan sy wang moet eers genees voordat daar met bestraling begin word.
- Marianna du Plessis se knievervangingoperasie het goed afgeloop en sy sterk mooi aan.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

**ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID**

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Annetjie Vermeulen, Mariana du Plessis, Erika Rood, Rita Schutte en Hannatjie du Plessis.

**BAIE GELUK**

- Stewart en Vanessa Fourie het Woensdag 'n babadogtertjie, Luané, van die Here ontvang. Baie geluk ook aan oupa en ouma Jaco en Engela van Rooyen.

- Pieter Kruger het verlede naweek in Belville, Kaapstad op die SA Senior Baan Fietsry-kampioenskappe 2 eersteplekke (dit is 2 goue-medaljes) en 3 tweedeplekke (dit is 3 silwer-medaljes) gewen.

## ONS VERWELKOM

Kobus en Phillis du Plessis met Duané en DJ, wat met attestaat vanaf GK Klerksdorp by ons aansluit. Hulle woon op die plaas Kaalplaas aan die N12, groep 14.

## ONS GROET

Thomas van den Berg wat met attestaat vertrek na GK Hermanus. Ons bid hom alles wat mooi is toe.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:30 Oggenderediens
Tee, koffie en sap
Kleuterbediening
Katkisasie Les 7
18:00 Aanddiens

**Maandag**
17:00 Diakonie: Dagbestuur
Geen Oosdopperfees-vergadering
(“whatsapp”-kommunikasie)

**Dinsdag**
06:00 Manne ondersteuningsgroep
18:00 Sustersbestuur
18:00 Klassis Potchefstroom vergader by GK Die Bult
Ds Piet en oudl. Johan Rousseau verteenwoordig ons gemeente
Geen Katkisasie vir gr 8 - 10

**Woensdag**
09:00 Amandelbloeisels (ry vanaf kerk)
18:00 Katkisasie Gr 11
18:30 Elim-Bybelstudie

**Donderdag**
18:30 Bybelstudie: Klipdrif

**Volgende Sondag**
Gemeentevergadering na die erediens: Gemeentelike Begroting 2023-24 en ander sake van die kerkraad

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en vir die GKSA: Sustentasie (Klein boks). Zapper- betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir ons eie Diakonie.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 12 en 13.

## HULPPREDIKERS MET VERLOF

Ds Pieter en tannie Marthie keer more terug vanaf hulle week vakansie.
Ds Daan Bakker en Fransie is vir bykans 6 weke met verlof van 20 April tot en met 30 Mei. Hulle gaan vir hulle kinders in Nederland kuier.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 16 April**
Sr Annatjie Duvenage *
Sr Yvonne vd Berg

**Maandag, 17 April**
Br Marc Hansen
Sr Riekie Schutte *

**Dinsdag, 18 April**
Sr Griet du Preez*
Jbr Johan v Jaarsveld

**Donderdag, 20 April**
Sr Magda Huisman
Br Paul Smit

**Vrydag, 21 April**
Ds Daan Bakker
Br De Vos Joubert
Sr Carina Smits
Sr Carma v Niekerk

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## AMANDELBLOEISELS



Almal word hartlik uitgenooi na die byeenkoms van die Amandelbloeisels, DV 19 April by Lekwena. Lekwena-Plaaskombuis gaan ons verras met 'n heerlike buffet ontbyt waar elkeen homself kan help! Ons kom vooraf om 09:00 by die Skuur byeen om te besluit wie ry saam met wie! Om Lekwena se beplanning te vergemaklik, *skryf asb jou naam sommer vandag nog op die lys in die saal se voorportaal*. Laat ons die somer groet met hierdie uitstappie en die winter verwelkom! Ons hoop om ook nuwe gesigte by ons byeenkoms te verwelkom! Ons sien baie uit daarna!

## 'n NUWE SENDINGREIS:
## Ds Johannes Aucamp van TOPIA is weer op reis

Ds Johannes Aucamp van die TOPIA-bediening - wat deur ons gemeente ondersteun word - en br. Pieter Bos van die Gereformeerde Kerk Wonderboompoort het op ‘n maandlange reis vertrek om kerkleiers op te lei, opleidingsmateriaal en Bybels te voorsien en gemeentes te gaan versterk. Hulle reis strek deur Zimbabwe, Malawi, Mosambiek en Zambië.

Ons bid hulle ‘n veilige en vrugbare sendingreis toe en dat die Naam van die Here verhoog mag word oral waar hulle die Woord gaan bedien deur gelowiges wat versterk word en nuwe gelowiges wat toegevoeg word tot die Koninkryk van God.

## OOSDOPPERFEES
## Hierdie jaar 5 AUGUSTUS

Die Vleiskomitee het besluit om die Oosdopperfees se datum te skuif. Die jaar se Oosdopperfees sal DV op Saterdag 5 Augustus plaasvind. Vleiswerk sal die week vooraf geskied.



Teken asb nou reeds hierdie verandering op jou kalender aan!

## DIE KERKBLAD

Beskikbaar in die voorportaal van die Skuur vir lidmate wat daarop ingeteken is.

## BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!





# SUSTERS

ROM. 1:16 "EK SKAAM MY NIE OOR DIE EVANGELIE NIE, WANT DIT IS 'N KRAG VAN GOD TOT REDDING VAN ELKEEN WAT GLO."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:

Ansie Jordaan en groep 3, Roma Visser en groep 6, Estelle v Hamburg en groep 13, Hannelie Pieters en groep 14, Rolene vd Walt en groep 23, Marike Grobler en groep 24, asook Engela vd Walt en groep 31.

## SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## DANKIE

Baie dankie vir elke dame wat 'n bordjie eetgoed bygedra het om vandag spesiaal te maak met ons Belydenisaflegging.

## KWARTAALPROGRAM

| DATUM | DAG | TYD | WIE | WAT |
|---|---|---|---|---|
| 18-Apr | Dinsdag | 18:00 | Bestuur | Sustersbestuursvergadering |
| 25-Apr | Dinsdag | 18:00 | Groepsusters | Groepsustersvergadering |
| 9 Mei | Dinsdag | 18:30 | Blok B | Sustersamekoms |
| 04-Jun | Sondag | 18:00 | Blok C | Ouderlingverversings |
| 11-Jun | Sondag | 12:00 | Blok A | Nagmaalete |



# Oosdoppertjie-Jeugbediening

### 1. Erediens Kinderblad

Ons kinders se deelname aan die erediens is belangrik. Ons dink aan die Here Jesus se uitnodiging: Laat die kindertjies na My toe kom!  Die erediens is ‘n ontmoeting tussen God en sy volk en ons kinders is net soveel deel van hierdie ontmoeting as ons volwassenes.
Om egter vir ons kinders hierdie ontmoeting so sinvol as moontlik op hulle vlak van verstaan te maak, gee ons tydens die skoolkwartaal ‘n Kinderblad uit. Dit is voor die erediens in die voorportaal beskikbaar. Daar is ook inkleurpotlode en knipborde beskikbaar. Hierdie kinderblad bied aktiwiteite wat die kinders tydens elke element van die erediens kan voltooi. Ouers kan die kinders begelei oor hoe om dit te voltooi. Die hoop is dat die blaadjie ons kinders sal laat groei in hul geloof en verhouding met ons Here.

### 2. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug ŉ georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur ŉ lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening is welkom om Marlise te kontak.
Kontakpersoon: Marlise Styger (marlise.venter@gmail.com of 083 655 8145)

## ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

### KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Barend vd Westhuizen - 079 337 8148
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

### BANKBESONDERHEDE

| Geref. Kerk Potchefstroom-Oos | Diakonie | Susters |
|---|---|---|
| ABSA Bank | ABSA Bank | Capitec Bank |
| Tjekrek: 670 340 066 | Tjekrek: 670 280 160 | Spaarrek: 145 652 5695 |
| Takkode: 632-005 | Takkode: 632-005 | Takkode: 470-010 |